

5. DIE CHRISTELIK-NASIONALE GEES EN RIGTING VAN POTCHEFSTROOM GIMNASIUM

5.1 INLEIDING

Die gees en rigting van 'n skool is die lewegewende beginsel wat 'n leidende, besielende en voortstuwende krag is waarin en waarvolgens die leerlinge opvoedende onderwys ontvang.¹⁾ Die gees en rigting van 'n skool word in ooreenstemming met die Calvinistiese lewensbeskouing deur die ouers as georganiseerde ouergemeenskap bepaal²⁾ en deur die hoof en onderwyspersoneel aan die leerlinge oorgedra en bevestig.

Om die gees en rigting van Potchefstroom Gimnasium in perspektief te plaas en te evalueer, is dit vervolgens nodig om die oorsprong daarvan na te gaan.

5.2 DIE ONTSTAAN VAN DIE CHRISTELIK-NASIONALE GEES EN RIGTING VAN POTCHEFSTROOM GIMNASIUM OP BURGERSDORP

Die stigting van die Gereformeerde "Theologiese School", op 29 November 1869 met vyf studente en twee dosente op Burgersdorp was 'n direkte resultaat van die Christelik-nasionale onderwysbeginsel.³⁾

Tien jaar na die stigting is die "eerste oes" gelewer toe ses predikante en drie onderwysers afstudeer het. Volgens

-
- 1) Schoonees, P C (red) *Die Afrikaanse Woordeboek* dl III, pp 30-81.
 - 2) Coetzee, J C *Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde*, p 386.
 - 3) Van der Vyver, G C P *My erfenis is vir my mooi*, pp 25-29.

Van der Vyver⁴⁾ het die *Burgersdorp Gazette* die Teologiese Skool in 'n redaksionele artikel met die volgende woorde geluk gewens: "Hulle, daar in 1869, het nie maar net 'n droom gedroom nie. Hulle besluit het gewortel in 'n heilige beginsel en lewens-ideaal, Christelik-nasionale onderwys en Christelike onderwysers. ... Heerlike dag vir hierdie inrigting, bakermat van Christelik-nasionale onderwys en vormer van die Christelik-nasionale onderwyser."

Die doel van die Teologiese Skool was om eerstens predikante vir die Gereformeerde Kerk en tweedens Christelike onderwysers op te lei. Van meet af aan was die gees, inhoud en rigting van die Teologiese Skool Christelik-nasionaal omdat die mense wat daaraan verbonde was (predikante, dosente en studente), die skool as instrument verbind het aan die verwesenliking van die nasionale ontwaking en strewe as lewensideaal.⁵⁾

Die sterk Christelik-nasionale onderwysbeginsels van die eerste twee dosente van die Teologiese Skool, naamlik proff D Postma⁶⁾ en J Lion-Cachet, het wortels in Nederland waar eersgenoemde sy akademiese opleiding van ds T F de Haan ontvang het.⁷⁾ As gevolg van die uitlewing van hierdie sterk Calvinistiese lewensbeskouing is en kon daar na tien jaar die volgende gesê word: "Getalle tel nie. Roepingsbesef en roepingsvervulling besiel, en daarom vorentoe, die steiltes uit. Die pyle moet geslyp word. Kerk en volk wag op beginselvaste en goed toegeruste manne."⁸⁾

Voornemende studente vir die matrikulasie- of toelatingseksamen tot die teologiese studie moes daarvoor voorberei word. Dit het 'n behoefte aan 'n eie vrye Christelike skool, wat die voorbereidende opleiding kon behartig, laat ontstaan. As gevolg van dié behoefte het meester J de Ridder reeds in 1870 die eerste vrye Christelike Skool op Burgersdorp in die konsistorie begin.⁹⁾ Die skool het egter as gevolg van finansiële

4) *Ibid.*, pp 38-39.

5) *Ibid.*, p 57.

6) Prof D Postma het, toe hy predikant in Rustenburg was, die eerste CNO-skole in 1864 te Waterkloof en Rustenburg gestig. (*Kyk hoofstuk 2*).

7) Van der Vyver, G C P *Prof Dirk Postma 1818-1890*, p 47.

8) Van der Vyver, G C P *My erfenis is vir my mooi*, p 39.

9) Van der Vyver, G C P *Prof Dirk Postma 1818-1890*, p 422.

probleme slegs enkele jare bestaan. Die eintlike Vrye Christelike Skool (dus die tweede) is in 1886 as die Voorbereidende Skool deur die Gereformeerde Gemeentes onder toesig van die Burgersdorpse Kerkraad, opgerig.¹⁰⁾ Laasgenoemde inrigting word as die voorloper van die Voorbereidende Skool van 1907 op Potchefstroom en van Potchefstroom Gimnasium beskou.¹¹⁾ In die Voorbereidende Skool op Burgersdorp is die gees en rigting deur die mense bepaal wat daaraan verbonde was. Onderrig is in die Gereformeerde Geloofsleer, die Afrikaanse geskiedenis en die ontwakende Afrikaanse taal en -kultuur gegee.¹²⁾

Die oorplasing¹³⁾ van die Teologiese skool van Burgersdorp na Potchefstroom in die begin van 1905 het die voorbereidende klasse ingesluit.¹⁴⁾ Saam met hierdie fisiese oorplasing van die skool en sy mense, is die gees en rigting gebring waar dit op Potchefstroom vertroetel is, wortel geskied en verdiep geraak het. Dit het binne die Calvinisties-Christelike beginsel aan 'n ernstige onderwysbehoefte voldoen.

In die volgende afdeling word kortliks aangedui hoe die Christelike onderwysbeginsel deur die Gereformeerde Kerk toegepas is.

5.3 DIE CHRISTELIKE ONDERWYSBEGINSEL SOOS DIT DEUR DIE GEREFORMEERDE KERK TOEGEPAS IS

Die Gereformeerde Kerk het die Christelike beginsel in die

10) Bingle, P W *Die Gereformeerde Kerk en die onderwys in Suid-Afrika 1850-1959*, p 95.

11) Eloff, T *Die Gereformeerde Kerk en die Voorbereidende Skool (1905-1914)*, p 6.

12) Coetzee, J V *Ontstaan en ontwikkeling van die Gimnasium*, p 1.

13) Die vernaamste rede vir die oorplasing van die Teologiese Skool was die gebrek aan 'n geskikte terrein op Burgersdorp. Die beste aanbod van 'n terrein en kontant vir 'n gebou is uit Potchefstroom ontvang en aanvaar. (Van der Vyver, G C P *My Erfenis is vir my mooi*, p 102.)

14) Gereformeerde Kerk. *Notule van Buitengewone Kuratorevergadering 10 Februarie 1907*, art. 10.

opvoedende onderwys soos volg toegepas:¹⁵⁾

- * Die stigting van skole is die taak van die ouers.
- * Die kerk moet toesien dat goeie Christengelowige onderwysers die opvoedende onderwys behartig.
- * Die kerk moet toesig hou oor die gees en rigting van die opvoedende onderwys en lewenswandel van die onderwysers.
- * Finansiële staatsteun word vir die onderwys aanvaar, op voorwaarde dat die vryheid van Godsdiensonderrig nie in gedrang kom nie.

Volgens Jooste¹⁶⁾ het die Sinode van die Gereformeerde Kerk van 1904 die volgende besluite geneem, naamlik dat:

- ° gewaarsku word teen die liberaal-humanistiese gees en rigting van staatskole;
- ° die stigting van vrye Christelike skole aangemoedig word;
- ° Godsdiensonderrig en Vaderlandse Geskiedenis onderrig word;
- ° moedertaalonderwys gehandhaaf word en
- ° ouers, kerkrade en onderwysers opgewek word om ywerig Christelik-nasionale onderwys te bevorder.

Hierdie oproep het die behoefte aan Christelik-nasionale opvoedende onderwys verder beklemtoon.

15) Jooste, J P *Die geskiedenis van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika 1859-1959*, pp 298-308.

16) *Ibid.*, pp 308-309.

5.4 DIE BEHOEFTE AAN CHRISTELIK-NASIONALE OPVOEDENDE ONDERWYS OP POTCHEFSTROOM

Gedurende die jare 1905-1906 het al die Christelik-nasionale skole in Transvaal óf gesluit óf staatskole geword.¹⁷⁾ Die liberale tendense in die onderwys en die verengelsing van die jong kultuur van 'n klein Boerevolk deur 'n magtige, eeu-oue, vreemde kultuur, wat ook in Potchefstroom intens ervaar is, het die behoefte vir 'n eie Christelik-nasionale skool by die Afrikanergemeenskap van Potchefstroom laat ontstaan. 'n Skool waarin opvoedende onderwys volgens die Christelik-nasionale onderwysbeginsel (in hoofstuk 2 uiteengesit) kon plaasvind, is as enigste oplossing vir die bestaan en voortbestaan van 'n selfstandige Christelike Afrikanervolk gesien. Die behoefte aan 'n skool waarin die opvoedende onderwys in sy diepste wese en suiwerste betekenis van die woord Christelik-nasionaal is en behartig word deur Christenonderwysers as opvoedingsvennote van die ouers, het nie net die stigting van die selfstandige Voorbêreidende Skool in 1907 tot gevolg gehad nie, maar ook die gees en rigting daarvan bepaal.

Aan die eenkant het die Engelse pers J C Smuts toegejuig oor sy liberale Onderwyswet¹⁸⁾ en is hy ook deur baie Afrikanergemeenskappe hierin gesteun, byvoorbeeld deur die Nederduits Gereformeerde Kerk en die Transvaalse Onderwysersvereniging.¹⁹⁾ Aan die anderkant het die Gereformeerde Kerk en Nederduits Hervormde Kerk uitgesproke voorstanders van die Christelik-nasionale onderwysbeginsel gebly. Stigterslede van Potchefstroom Gimnasium (soos byvoorbeeld proff J Lion-Cachet en J D du Toit) het gedurende 1906-1907 artikels ten gunste van die Christelik-

17) Kyk hoofstukke 2 en 3.

18) Bingle, *op.cit.*, p 184.

19) *Ibid.*, p 186.

nasionale onderwysbeginsel en tēen die Smutsonderwyswet geskryf en gepubliseer. Op 6 Julie 1907 het dertig mense (hoofsaaklik lidmate van die Gereformeerde Kerk) op Potchefstroom vergader en 'n nuwe Christelik-nasionale vereniging gestig, naamlik die "Vereniging voor Christelik Nationaal Onderwys", wat nuwe lewe in die Christelik-nasionale-aksie geblaas het.²⁰⁾ Totius het onder andere soos volg geskryf: "As 'n skool dan ook uit en vir Christenkinders bestaan dan is die Heilige Skrif (die enigste wat Christus vir ons openbaar) onverbiddelik die penwortel wat die Christelike Skool dra. Dan mǎg nie bepaal word: sōveel Bybel en sōveel godsdiens en sōveel dogma nie. Dan is dit buitekant die Skrif vir diē skool nêrens veilig nie;..."²¹⁾ Neutraliteit ten opsigte van hulle vaste beginsels en ideale in die opvoeding en onderwys was vir die Christen-Afrikanergemeenskap van Potchefstroom onaanvaarbaar. Slegs die Woord van God is bepalend: "En vaders, voed julle kinders op in die tug en vermaning van die Here."²²⁾

Die gees en rigting van die Voorbereidende Skool op Potchefstroom (1907-1914) en Potchefstroom Gimnasium (1915-1982) was suiwer Christelik-nasionaal. Die Calvinistiese lewensbeskouing van die stigters, toesighoudende skoolkomitee, onderwysers, ouers en leerlinge het die gees en rigting bepaal. "Wat nou die godsdienstige wortel van 'n skool betref - dit word nie van buite af onder die skool-boom ingeskuif nie, maar groei vanself uit die kiem van die skoolorganisasie."²³⁾ Daar kan sonder vrees vir teenspraak be-

20) *Ibid.*, pp 187-188.

21) Venter, H (red) *Totius versamelde werke* 8, p 5.

22) *Ejēse* 6:4.

23) Venter *op.cit.*, pp 4-5.

weer word dat, hoewel die Christelik-nasionale skole in die praktyk fisies ondergegaan het, Potchefstroom Gimnasium die Christelik-nasionale gedagte in die gees laat bly voortleef het. Dié gees en rigting is in die praktyk deur die hoofde en onderwysers in die klaskamer en skoolorganisasie voortgedra.

5.5 DIE CHRISTELIK-NASIONALE GEES EN RIGTING BINNE DIE SKOOLORGANISASIE, -SIMBOLE EN -WERKSAAMHEDE VAN POTCHEFSTROOM GIMNASIUM

5.5.1 Inleiding

Dit is die taak van die hoof, onderwyspersoneel en skoolouers om die gees en rigting van die opvoedende onderwys roepingsbewus in die praktyk van die skoolorganisasie (binne- en buite-kurrikulêr) te verwesenlik.²⁴⁾ In die Voorbereidende Skool sowel as die latere Potchefstroom Gimnasium het die hoof, onderwyspersoneel, skoolkomitee/beheerraad en ouers gesamentlik dié taak verrig. Vervolgens word dit in die volgende onderafdelings aangetoon.

5.5.2 Skoolleuse van Potchefstroom Gimnasium

Die oorsprong en diepe betekenis van Potchefstroom Gimnasium se leuse, *Fac et Spera*, weerspieël die grondslag van die gees en rigting van die skool. Die ontstaan van die leuse word aan Totius toegeskryf wat as student in 1898 in Burgersdorp verantwoordelik was vir die eerste studenteblad waarin die leuse *Fac et Spera* voorgekom en sy pad via die Teologiese Skool en Voorbereidende Skool na Potchefstroom Gimnasium gevind het.²⁵⁾

24) Potgieter, D G *Die roeping, taak en opleiding van die hoër van die Christelik-Afrikaanse skool*, p 320.

25) d'Assonville, V E *Ons bring hulde: Totius en die Hoërskool Gimnasium. In Potchefstroom Gimnasium. Fac et Spera*, 1977, p 6.

Fac et Spera is nie 'n oppervlakkige gesegde of kreet nie, maar dit het 'n diepe betekenis. Dié Latynse leuse "staan in die definitiewe gebiedende vorm - jy het dus nie 'n keuse nie, jy sal moet! *Fac et Spera* beteken eintlik DELF en HOOP. Om te delf kan jy nie maar net op die oppervlakte spit nie, maar jy moet met die pik en graaf diep ingrawe - dink aan die diamantdelwer. Die skatte van die wetenskap moet diep gesoek word. En die HOOP op God se seën beskaam nie!"²⁶⁾

Die woord FAC kan ook met WERK in plaas van DELF vertaal en meer algemeen gebruik word. In 'n redaksionele artikel in *Fac et Spera*, 1904 is die volgende onder die opskrif "Werk en Hoop" geskryf, naamlik:²⁷⁾

"Wij hebben hoop en goeden moed!
Ons werk duurt voort!
Gevoelens, inbeeldingen, gedachten
en droomen gaan voor bij,
idealen verdwijnen; worden teleurstellingen; -
alles neem't een einde: t'werk blijft!
De daden spreken!
Hoe groot is dan onze roeping, werkt?
Maar zonder hoop is't werken onmogelijk.
Wij hopen en daarom werken wij,
en volharden wij in den strijd..."

Vanaf 1912 het die studente van die Teologiese Skool die naam van hulle korps se blad *Veritas Vincet* as hulle leuse aangeneem en het *Fac et Spera* die alleenleuse van die Voorbereidende Skool en Potchefstroom Gimnasium geword.²⁸⁾

26) *Ibid.*, p 7.

27) Teologiese Skool. Werk en Hoop. In Teologiese Skool. *Fac et Spera* 10 Augustus 1904, p 2.

28) Potchefstroom Gimnasium. *Fac et Spera* 1916, p 4.

Dit blyk dat die diepe betekenis van die leuse van die beginjare af as die kern van die gees en rigting van die skool aan die leerlinge voorgehou is en dat daar daadwerklik daarna gestrewe is om die betekenis van die skoolleuse in die skoolorganisasie uit te lewe. Die simboliek van die leuse word ook in die skoolwapen uitgebeeld (kyk voorblad en plaat 5.1).

In 1917 het 'n lid van die Potchefstroom Gimnasium Korps onderstaande gedig onder die opskrif van die leuse *Fac et Spera* geskryf:²⁹⁾

"FAC ET SPERA

"Arbei en hoop is jou leuse o Korps?

Arbei dan steeds tot die eer van jou naam!

Maar met die arbei verbonde moet saam

d'Hope wat nimmer en nooit sal beskaam.

"Arbei en hoop is jou leuse o Korps?

Arbei dan voort in die naam van ons God!

Hij die getrouwe jou lot sal bestier;

En deur sij hulpe jij sege sal vier.

"Is soms die tyd ook al moeilik en swaar

Arbei in hope blij nooit onbeloon!

Hoop slegs op God die kan red in gevaar.

Dank sê ook Hem die jou hulpe betoon!"

5.5.3 Skoolwapen van Potchefstroom Gimnasium

Die naam en leuse van Potchefstroom Gimnasium is alreeds in 1919 in die skoolwapen (plaat 5.1) opgeneem. Die

29) *Ibid.*, 1917, p 4.

simbole in die wapen is 'n graaf, pik en anker. Die graaf en pik is simbool van werk of delf, terwyl die anker simbool is van onwrikbare geloof en hoop. Dit gee dus uitdrukking aan geloofsekerheid en geloofsvastheid in God drie-enig en weerspieël die gees en rigting van die skool.³⁰⁾

PLAAT 5.1 DIE SKOOLWAPEN VAN POTCHEFSTROOM GIMNASIUM
WAT IN 1919 ONTWERP IS³¹⁾



Die skoolwapen (in plaat 5.1 uitgebeeld) is gedurende 1979 aangepas om aan die heraldiese vereistes te voldoen. Die simbole het in die nuwe skoolwapen (kyk voorblad) on-

30) Potchefstroom Gimnasium. *Potchefstroom Gimnasium 1907-1982*. (Feesuitgawe), pp 83-87.

31) *Loc.cit.*

veranderd gebly en is gedurende 1980 by die Buro vir Heraldiek geregistreer.³²⁾

5.5.4 Skoolkleure van Potchefstroom Gimnasium

Die amptelike skoolkleure dagteken vanaf 1920 toe die Potchefstroom Gimnasium Korps dit vasgestel het. Potchefstroom Gimnasium wou en het homself reeds vanaf 1920 van ander opvoedkundige inrigtings onderskei deur eie kleure te dra. "Die frisse gees van nasionalisme het alreeds sy stempel afgedruk."³³⁾

Die intense behoefte om 'n onderskeidingsteken te besit om die skool ook uitwendig te identifiseer, is 'n aanduiding van die gees en rigting van die skool. "Die hoofkleur is blou en grys (silwer) met swart as die agtergrond van die wapen."³⁴⁾ Die kleur blou het die skool se wagwoord "trou" beliggaam; - "trou aan volk en taal, trou in die geloof. Blou is ons kleur - trou; die strewe van die P G H Skool."³⁵⁾

5.5.5 Skoollied van Potchefstroom Gimnasium

Die skoollied van 'n skool is, naas en soos die Volkslied, 'n simbool van selfstandigheid en eie identiteit waaraan besondere respek betoon word. Wanneer die skoollied gesing word, staan almal wat aan die skool verbonde is op aandag. Die woorde van die skoollied beliggaam grootliks die gees en rigting van die skool

32) *Loc.cit.*

33) Potchefstroom Gimnasium. *Fac et Spera* 1907-1957 (Gedenkuitgawe), p 53.

34) Coetzee, J C Jaarverslag van die Potchefstroomse Gimnasium Hoger Skool Korps. In Potchefstroom Gimnasium. *Fac et Spera* Junie 1920, p 7.

35) Potchefstroom Gimnasium. *Fac et Spera* 1907-1957 (Gedenkuitgawe), p 53.

In 1922 het die "Gimnasiumlied" die eerste maal in die skooljaarblad verskyn. Die "Gimnasiumlied", wat as voorloper van die skoollied beskou kan word, beklemtoon die betoog in die voorafgaande paragrawe oor die skoolleuse, skoolkleure en simboliek van die skoolwapen. Die "Gimnasiumlied" lui soos volg:³⁶⁾

"GIMNASIUMLIED

"Gimnasiaste is ons allemaal;
Opregte seuns en dogters van Transvaal,
Uit egte Afrikaanse bloed,
Met nog dieselfde Trekkersmoed.
In Hope Delf Ons, ja, o ja,
En sal die vaandel altyd dra.
Hou dit vas, Gimnasiaste,
Hou dit vas, Gimnasium-skool.

"Gimnasiaste, al maar wat ons is,
Maar tog ons doel en strewe is gewis,
Met hart en siel, en hand aan hand,
Geen stap terug, steeds voorwaarts, want
In Hope Delf Ons, ja, o ja,
En sal die vaandel dwarsdeur dra.
Hou dit vas Gimnasiaste,
Hou dit vas, Gimnasium-skool.

"Gimnasiaste wees getrou en toon
Dat jul die naam uit roem en eer beloon;
Dra "Fac et Spera" altyd hoog,
Jul sal die naam dan steeds verhoog,
En delf in Hoop, dis nie vergeefs,
Ja hoop en delf, dis nie vergeefs.

36) *Ibid.*, 1922, p 45.

Hou dit dan vas Gimnasiaste,
Hou dit vas, Gimnasium-skool."

Die skoollied van Potchefstroom Gimnasium wat hieronder aangehaal word, is in 1926 deur 'n onderwyser, H Hubscher, geskryf en later deur ds M L de Villiers gekomponeer.³⁷⁾

SKOOLLIED VAN POTCHEFSTROOM GIMNASIUM

"In Transvaal se oue hoofstad
aan die soom van Mooirivier,
Waar die groene wilgerbome
Aan die landskap gee hul sier,
Daar's die plek waar ons gestreef het
In die vuur van onse jeug,
Waar ons harte bly geklop het
Van oorwinningskone vreug.

"Gimnasium Hoër! Gimnasium Hoër
Ons sal jou steeds eer
Fac et Spera! Fac et Spera!
Werk en hoop steeds meer."

5.5.6 Debatsvereniging van Potchefstroom Gimnasium

Die debatsvereniging, soos dit tot op hede nog bestaan, het vanaf 1924 gefunksioneer. Daar was wel voor 1924 sporadies debatsvergaderings deur die Potchefstroom Gimnasium Korps gereël. Die debatsvereniging het oor al die jare geleenthede geskep om selfvertroue by leerlinge te ontwikkel om as sprekers op te tree, om hul gedagtes uit te spreek en oor aktuele onderwerpe te redeneer. Die leerlinge het gereeld lewendig deelgeneem en vurig

37) Potchefstroom Gimnasium. *Potchefstroom Gimnasium 1907-1982* (Feesuitgawe), p 90.

standpunt ingeneem oor sake van prinsipiële aard.³⁸⁾ Die debatsvereniging het oor die jare as forum gedien waar die Christelik-nasionale gees en rigting van Potchefstroom Gimnasium onbeskroomd deur leerling aan medeleerling oorgedra is.

5.5.7 Hendrik Potgieter Voortrekkerkommando

Die Hendrik Potgieter Voortrekkerkommando van Potchefstroom Gimnasium was die eerste Voortrekkerkommando wat op 10 April 1932 in Potchefstroom tot stand gekom het. Die lede en offisiere was nog elke jaar aktief besig om die doelstellings van die beweging, wat met die gees en rigting van die skool ooreenstem, na te streef en uit te leef. Die seuns en dogters het aan Volksfeeste (kyk hoofstuk 4), span- en kommandobyeenkomste deelgeneem.³⁹⁾ Die Gimnasiumvoortrekkers het deur die jare steeds gepoog om die Voortrekkerleuse, naamlik "Hou koers", in woord en daad uit te leef. "Die Voortrekkers is geen politieke beweging nie maar wil alleen die Afrikanerseun en -dogter laat besef en leer dat sy vaderland eerste is in alle opsigte en om nie agter Amerika met sy moderne idees te hardloop nie. Ons leer om ons eie land se kultuur en kuns lief te kry."⁴⁰⁾

Die Voortrekkerseuns en -dogters was oor die jare heen (net soos die Voortrekkers van die vorige eeu) toekomstgerig

38) Potchefstroom Gimnasium. *Fac et Spera* 1907-1957 (Gedenkuitgawe), p 48.

39) *Ibid.*, 1977, p 15.

40) Engelbrecht, G. Ons Voortrekkers. In Potchefstroom Gimnasium. *Fac et Spera* 1948, p 19.

op die pad van Suid-Afrika. Saam met die landswye Voortrekkerbeweging⁴¹⁾ is dit die strewe en werk van die Voortrekkerkommando van Potchefstroom Gimnasium om

- * hul doelstelling, naamlik die geloof in God drie-enig, by die jeug in te skerp;
- * die jeug te lei tot gesagsaanvaarding en ander deugde wat by die Christelike lewe pas;
- * die Afrikanerkultuur aan die jeug oor te dra;
- * die jeug in die Afrikanergeskiedenis te veranker en die toekoms op die goeie uit die verlede te bou;
- * die jeug waardering en liefde vir eie bodem te leer;
- * die jeug tot goeie burgerskap, gewoontes, waarneming, selfbehoud en diensvaardigheid te motiveer en
- * liefde vir die moedertaal te bevestig.

Dié sterk Voortrekkerbeweging aan Potchefstroom Gimnasium het sedert sy ontstaan die Christelik-nasionale onderwysbeginsel uitgeleef en sodoende 'n bepalende invloed op die gees en rigting van die skool uitgeoefen.

5.5.8 Bevordering van die Afrikaanse taal

Potchefstroom Gimnasium is die eerste sekondêre skool waarin daar in 1916 met Afrikaans as onderrigmedium begin is (kyk hoofstuk 4). Die innerlike strewe van die onderwysers en leerlinge van Potchefstroom Gimnasium om Afrikaans as medium van onderrig te gebruik, (selfs voordat dit deur die Transvaalse Onderwysdepartement amptelik goedgekeur was), is 'n bewys van die besondere gees en rigting van die skool.

41) Badenhorst, J F P Voortrekkerbeweging op Mars. *Handhaaf*, September 1980, p 11.

In elke jaarblad wat vanaf 1916 byna jaarliks verskyn het, is groot ruimte afgestaan aan 'n verskeidenheid artikels, prosa en gedigte wat deur leerlinge in Afrikaans geskryf is. Die inhoud van die artikels en gedigte was deurgaans volksgebonde en Christelik gefundeerd.

Ten spyte van Lord Milner se opvoedkundige program wat op verengelsing gemik was: "Dutch should only be used to teach English, and English to teach everything else",⁴²⁾ was Potchefstroom Gimnasium een van die sterkste bolwerke teen die verengelsing van die Christen-Afrikanervolk in Potchefstroom. Ter staving van hierdie uitspraak kan vermeld word dat vier Engelssprekende leerlinge gedurende Februarie 1915 weggewys is omdat hulle aangedring het op Engels as medium van onderrig.⁴³⁾ Die gees en rigting van die skool was nie anti-Engels of anti-anderstalig nie, maar pro-Afrikaans. Daar was wel anderstalige leerlinge, byvoorbeeld Pirow (Duits), Fawkes en Daly (Engels) by Potchefstroom Gimnasium ingeskryf.⁴⁴⁾

In die jaarblad van 1977 het die skool hulde aan Totius (prof J D du Toit), stigterslid van die skool, stryder vir Christelik-nasionale onderwys, Afrikaanse digter en Bybelvertaler gebring. Hierdeur het die skool (70 jaar na die stigting) die gees en rigting van die skool verbind met die gees en rigting wat die "ontkiemingsjare" gekenmerk het. Vir Totius, wat vir jare skoolkomitee- en beheerraads-lid van die skool was, was die Voorbereidende Skool en Potchefstroom Gimnasium die model van die ideale Christelike skool.⁴⁵⁾ Met die huldemosie is die Christelik-nasionale

42) Farwell, B *The Great Anglo-Boer War*, p 351.

43) Potchefstroom Gimnasium. *Skooljoernaal 1*, p 3.

44) Potchefstroom Gimnasium. *Fac et spera 1932*, p 4.

45) d'Assonville, *op.cit.*, p 6.

gees en rigting van Potchefstroom Gimnasium en die skool se bydrae ter bevordering van die Afrikaanse taal grootliks aan die invloed van Totius verbind. Dit is interessant om te weet dat Potchefstroom Gimnasium die eerste skool is wat die Afrikaanse toneelstuk van Sita de Kock, naamlik *Die lied van die ou meule*, in 1980 met sukses opgevoer het.

Die gees en rigting van Potchefstroom Gimnasium het dus die bevordering van die Afrikaanse taal (as moedertaal en skooltaal) ingesluit.

5.5.9 Bevordering van die Afrikaanse kultuur en -nasionalisme

Kultuur omvat die ganse geestelike besitting van 'n volk op elke terrein, naamlik die geesteslewe en beskawingstoestand.⁴⁶⁾ Voorafgaande onderwerpe wat onder afsonderlike opskrifte beskryf is, is almal kultuurgoedere; met ander woorde aspekte wat waarde het en deel uitmaak van kultuur. In hierdie onderafdeling word gepoog om die meer algemene terrein van die kultuur van die Afrikaner, wat deel van die gees en rigting van die skool is, te behandel.

G F Robbertse,⁴⁷⁾ 'n oud-leerling wat in 1915 aan Potchefstroom Gimnasium ingeskryf het en in 1919 gematrikuleer het, sê dat die *Gimnasiaste* sowel as die studente van die Teologiese skool bekend was vir hul uitgesproke Afrikanerpatriotisme. Dié uitgesprokenheid het hulle gedurende daardie jare (1915-1918) dikwels met die Engelsgesinde soldate op straat in openlike botsing gebring. Dit was ook die gebruik van die leerlinge om in groepe op straat en tydens sportgeleenthede volksliedere, byvoorbeeld

46) Schoonees, P C (red.) *Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*, p 488.

47) Robbertse, G F *Transkripsie van 'n onderhoud met Robbertse*, p 1.

"Kent gij dat volk vol helden moed" en "Hef't Burgers't lied der vryheid aan" te sing.

Hegte onderlinge verbondenheid en die geestelike kulturele kameraadskap was kenmerkend van die leerlinge van Potchefstroom Gimnasium. Hulle het ook jaarliks egte Afrikaanse piekniek gemaak. Tydens die piekniekgeleenthede het die leerlinge per ossewa na naburige plase gery waar die dag met volkspele, volksang en tipiese Boerespeletjies deurgebring is.⁴⁸⁾ Die gees en rigting van die skool word in die skooljaarblad van 1938 (Voortrekkeruitgawe) bevestig met 'n huldeblyk aan die Voortrekkers wat "die lig van die Christelike beskawing hierheen gedra het..." "Ons wil hoop dat die gees van ons opvoeding en onderwys aan hierdie inrigting ons jeug van die twintigste eeu sal lei tot daardie innerlike beskaafdheid, diepe pligsbesef en hoë idealisme wat so kenmerkend van ons Voortrekker geslag was."⁴⁹⁾ 'n Afdruk van die buiteblad van die genoemde jaarblad word in plaat 5.2 gegee om Potchefstroom Gimnasium se betrokkenheid by die simboliese ossewatrek van 1938 aan te toon (p 182).

Prof B C Schutte⁵⁰⁾, 'n oud-onderwyser, konstateer dat die eerste hoof van Potchefstroom Gimnasium (J J A Coetsee 1908-1938) die Christelike gees en rigting van die skool geïnspireerd uitgeleef het. Die manlike onderwysers het gedurende 1938, ter ondersteuning van en deelname aan die simboliese ossewatrek, Krugerbaarde gedra en die personeel sowel as die matrikulante het Voortrekkerdrag aangetrek.

48) *Loc.cit.*

49) Potchefstroom Gimnasium. *Fac et Spera* 1938, p 3.


50) Persoonlike onderhoud met prof B C Schutte, 22 September 1980.

PLAAT 5.2 BUITEBLAD VAN DIE JAARBLAD (1938-VOORTREKKER-UITGAWE) VAN POTCHEFSTROOM GIMNASIUM⁵¹⁾



HOËR GIMNASIUM

POTCHEFSTROOM



Op die berge lonk die Vryheidster!

VOORTREKKER-
UITGAWE

JAARBLAD 1938



51). Potchefstroom Gimnasium. *Fac et Spera* 1938, buiteblad.

Dié optrede het die algemene goedkeuring en steun van die ouers van die skool weggedra. Deur dié optrede het die onderwyspersoneel en leerlinge die Christelik-nasionale onderwysbeginsel, wat die gees en rigting van die skool gekenmerk het, uitgeleef en aan die wêreld vertoon.⁵²⁾

Volkspeler het oor die jare 'n belangrike kultuuraktiwiteit van die leerlinge gevorm. Behalwe vir die sosiale vormende waarde daarvan het die volkspelegroepe aan kunswedstryde deelgeneem en besonder goed presteer. Koorsang en orkesmusiek het veral gedurende die sestiger- en sewentigerjare sterk na vore getree. Die aktiewe skoolkore, simfonie-orkester en ligte skoolorkester het bygedra tot die kultuurvorming en -vestiging.⁵³⁾ Die aandag aan en betrokkenheid by die verskillende kultuuraktiwiteite het by die leerlinge van Potchefstroom Gimnasium 'n positiewe aandeel aan die kultuur laat ontwikkel waardeur draers van die Afrikanerkultuur gevorm is.

5.5.10 Akademiese werksaamhede aan Potchefstroom Gimnasium

Die intellektuele vorming van elke leerling is net so belangrik soos karaktervorming en vorm deel van die gees en rigting van die skool. "Ek voel oortuig dat die nasionale drif, die volksentiment, die motief om as Afrikaner te presteer en tot jou reg te kom, 'n baie belangrike prikkel en stukrag was wat Gimnasiumleerlinge vorentoe gedryf het.⁵⁴⁾ Liggaamstraf vir werkversuim was selde nodig. Vanaf 1915 tot 1918 is daar byvoorbeeld slegs enkele gevalle aangeteken

52) *Ibid.*, p 15.

53) *Kyk hoofstuk 4*, p 159.

54) *Robbertse, op.cit.*, p 3.

te lewe. Die matrikulasieuitslae was deur die jare heen, vanaf 1916 tot 1981, besonder goed; van die beste in Transvaal.⁶¹⁾

5.5.11 Lewensbeskoulike vorming van die leerlinge aan Potchefstroom Gimnasium

Potchefstroom Gimnasium het deur middel van die opvoedende onderwys ook die lewensbeskoulike vorming van die leerlinge ten doel gehad. Daarom het leerlinge deur al die jare van oral uit Transvaal (selfs verder vandaan) by Potchefstroom Gimnasium ingeskryf, ter wille van die Christelik-nasionale karakter, gees en rigting van dié skool. "Oudleerlinge sê dat hulle die gees en rigting van Gimnasium nog nooit van hulle kon afskud nie."⁶²⁾

'n Matrikulant in 1933 het in 'n afskeidsartikel in die skooljaarblad voorgenoemde stelling bewys toe hy soos volg geskryf het:⁶³⁾

"Dis jy, Gimnasium, wat gesnoei en gebou het, dis jy wat gesuiwer, gelouter het die aardse, die valse wat ons onskuldig omhels het.

"... Ander staan nog getrou op wag - altyd wakend, gereed om te deel aan die jeug van wat aan hulself gegee was; die krag om manmoedig te staan en te stry ... Ons word geskei maar die skeiding het reeds vir altyd die band van liefde tussen ons vasgeknoop. Getrou was ons hier bygestaan, gehelp waar ons swak was, vertroos waar ons geval het, omhels en beskerm waar ons bedreig geword is deur duisternis. Ons word nou uitgestuur, geoefen en voorberei vir die

61) Kyk hoofstuk 4, pp 127, 141, 150, 158.

62) Persoonlike onderhoud met prof B C Schutte, 22 September 1980.

63) Joubert, Jurie Adieu Gimnasium In Potchefstroom Gimnasium. *Fac et Spera* 1933, pp 46-47.

groot oefenskool van die lewe ...

"Maar, ook ons het sy tekens - nie die vore van gesel, maar 'n naam onuitwisbaar gegrif op ons harte en lewes - die naam Gimnasium!"

Vervolgens word aandag geskenk aan die verhouding tussen Potchefstroom Gimnasium en die Gereformeerde Kerk.

5.6 DIE VERHOUDING TUSSEN POTCHEFSTROOM GIMNASIUM EN DIE GEREFORMEERDE KERK

Daar het van meet af aan 'n besonder hegte organiese band en goeie verhouding tussen Potchefstroom Gimnasium en die Gereformeerde Teologiese Skool bestaan.⁶⁴⁾ Dié band en goeie verhouding is voortgesit, selfs nadat Potchefstroom Gimnasium in 1915 onder die beheer van die Transvaalse Onderwysdepartement gekom het.⁶⁵⁾ Die goeie verhouding het 'n bepalende invloed op die gees en rigting van Potchefstroom Gimnasium en van die opvoedende onderwys gehad. "Wat saak gemaak het, was nie wat in strukture, notules en beheerrade beliggaam is nie, maar dat skool en kerk, leerlinge en onderwysers en lidmate uit een belydenis geleef het. 'n Eenheid in belydenis en strewe was miskien die sterkste band wat tussen Voorbereidende Skool en Gereformeerde Kerk bestaan het."⁶⁶⁾ 'n Kommissie van die Kuratore van die Teologiese Skool het die skool jaarliks besoek - nie om inspeksie te doen nie maar om "die goeie wil en toegenentheid van die kerk te laat blyk."⁶⁷⁾

64) Kyk hoofstuk 4, pp 111-116 en hoofstuk 5, pp 164-167.

65) Kyk hoofstuk 4, pp 160-162.

66) Eloff, *op.cit.*, p 21.

67) Coetsee, J J A Uit ons skool se verlede. In Potchefstroom Gimnasium. *Fac et Spera* 1939, p 23.

Hoewel Potchefstroom Gimnasium as kerkskool ontstaan het, is die Christelik-nasionale gees en rigting ontdaan van kerkisme.⁶⁸⁾ Leerlinge vanuit die ander twee Afrikaanse kerke is ingeskryf en het sedert die dertigerjare die meerderheid van die leerlingtal geword. Ter staving hiervan kan na 'n artikel verwys word wat in 1932 in die plaaslike koerant, *Die Weste*⁶⁹⁾ verskyn het. In dié artikel is geskryf dat, ofskoon Potchefstroom Gimnasium deur die Teologiese Skool en Gereformeerde Kerk ondersteun word, dit nie meer 'n kerkskool is nie en leerlinge van aldie die Afrikaanse kerke huisves.

Die gees en rigting van Potchefstroom Gimnasium is grootliks bepaal deur die invloed van die Gereformeerde Kerk in die algemeen en die Teologiese Skool in die besonder. Dié gees en rigting is voortdurend in gesprek, kontak en onderwyspraktyk doelbewus uitgeleef.⁷⁰⁾

'n Verdere uitvloeisel van die band en verhouding tussen Potchefstroom Gimnasium en die Gereformeerde kerk, is die *Erekode* wat in 1980 saamgestel is. Die *Erekode* dien as riglyn vir leerlinge vir die uitlewing van die lewensbeskouing en dit word in die volgende afdeling van hierdie hoofstuk behandel.

5.7 DIE EREKODE VAN POTCHEFSTROOM GIMNASIUM

Die opvoedende onderwysprogram aan Potchefstroom Gimnasium betrek die hele mens. Geskoei op die grondslag van Chris-

68) Kyk hoofstuk 4, pp 145, 156.

69) *Die Weste*, 22 Maart 1932, p 4.

70) Kyk hoofstuk 5, pp 165-167.

telik-nasionale onderwys van ds S J du Toit⁷¹⁾ is die gees en rigting van die skool toegepas. Deur die jare heen is 'n groot aantal leerlinge opgevoed tot gehoorsaamheid en diensbaarheid aan God. "Die Christendom eis die hele mens - al sy kennis en al sy krag. Daartoe moet hy deur die Christelike skool opgevoed word."⁷²⁾ Hiermee saam is 'n gebalanseerde liefde en trots vir die volkseie van die Afrikanervolk tuisgebring.

Om dié Christelik-nasionale gees en rigting van Potchefstroom Gimnasium duidelik te weerspieël is die *Erekode* in 1980 saamgestel as simbool daarvan.

Die Erekode van Potchefstroom Gimnasium lui soos volg:⁷³⁾

"EREKODE

"Om alle leerlinge van ons skool EEN van GEES en TROU aan ons Skool, Land, Volk, Taal, Kerk en God te maak, aanvaar elkeen hierdie erekode:-

1. Dit is vir my 'n besondere eer en voorreg om 'n leerling van die oudste Afrikaanse Hoërskool, Potchefstroom Gimnasium, te wees.
2. Die leuse van ons skool is FAC ET SPERA - WERK EN HOOP, gegrond op Gods Woord.
3. Deur positiewe, goeie gedrag en gesindheid sal ek die naam van my skool hoog hou en in gedagte, woord en daad positief wees.

71) Kyk hoofstuk 2, pp 40-41.

72) Transvaalse Onderwysersvereniging. *Het Kristelik Schoolblad*, 1 Junie 1918, p 9.

73) Potchefstroom Gimnasium. *Jaarblad* 1981, agterblad.

4. Ek glo in my skool se taak op kulturele, opvoedkundige en geestelike gebied. Om dit uit te bou, vereis dat ek aan alle aktiwiteite sal meedoen en nooit sal tou opgooi nie.
5. Op my persoon, skooldrag en skoolwerk sal ek altyd netjies wees en ek sal veral voorbeeldig optree as ek in skooldrag geklee is.
6. Ek sal altyd in opregtheid getrou bly aan my Kerk, Volk, Taal, Land en Skool. Ek sal die uitbouing van die Afrikanerskap oral nastreef.
7. Slegs deur respek vir en met behoud van my Afrikanerskap sal ek, met agting vir ander bevolkingsgroepe se eie, positief streef om my bydrae te lewer tot die opbou van ons land en die Christelike Westerse beskawing. My Christelike roeping sal ek oral vervul.
8. Bo alles sal ek onwrikbaar in die God van ons voorvaders glo en Hom alleen dien, want sonder sy hulp, krag en genade is ek tot niks in staat nie.
9. Ek aanvaar hierdie kode as deel van myself en my skool."

5.8 SAMEVATTING

Die Calvinistiese lewensbeskouing van die stigters van die Voorbereidende Skool is die oorsprong van die Christelik-nasionale gees en rigting van Potchefstroom Gimnasium. Die doel met die stigting van die Voorbereidende Skool in 1907 was om 'n vrye Christelike skool daar te stel waar voornemende teologiese en onderwysstudente, akademies vir toelating tot tersiêre studie voorberei kon word. Die stigting van die Voorbereidende Skool het die steun van die Teologiese Skool en Gereformeerde Kerk geniet. Hierdeur is die Christelik-nasionale gees en rigting grootliks bepaal.

Die diepe betekenis van die skoolleuse (*Fac et Spera*), die simboliek van die skoolwapen en -kleure en inhoud van die skoollied is simbole van die suiwer Christelik-nasionale karakter van Potchefstroom Gimnasium. Die Afrikaanse taal en kultuur is deur die skool bevorder en aan die leerlinge oorgedra.

Aan Potchefstroom Gimnasium, met sy onbetwiste Christelik-nasionale gees en rigting, word leerlinge met 'n Calvinisties-Christelike lewensbeskouing gevorm wat terselfdertyd ook gebalanseerde kultuurdraers van die Afrikanervolk is.

'n *Erekode* is in 1980 geformuleer om as riglyn te dien vir die leerlinge, onderwysers en ouers van die hede en toekoms en as manifestasie van die Christelik-nasionale gees en rigting van die skool.

Vervolgens word enkele van die vernaamste boumeesters van Potchefstroom Gimnasium in die voorlaaste hoofstuk onder die loep geneem.